INSTRUKSIES
Lees die volgende instruksies deeglik deur, voordat jy met vraestel begin

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 vrae en 4 bladsye.
2. Beantwoord alle vrae.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Wys alle bewerkings, want aan SLEGS ANTWOORD sal nie noodwendig volpunte toegeken word nie.
5. Jy mag ‘n goedgekeurde sakrekenaar gebruik, tensy anders vermeld.
6. Indien nodig, rond antwoorde af tot TWEE desimale plekke, tensy anders vermeld.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1

Vir elk van die volgende vrae, kies die korrekte antwoord. Skryf die korrekte letter langs die korrekte vraag neer.

1.1 ‘n Hoek groter as $180°$ maar kleiner as $360°$ is ‘n: (1)

A Skerphoek
B Stomphoek
C Reflekse hoek
D Gestrekte hoek

1.2 ‘n Driehoek waarvan al 3 hoeke dieselfde grootte is. (1)

A Reghoekige driehoek
B Ongelyksydige driehoek
C Gelyksydige driehoek
D Gelykbenige driehoek

1.3 Vereenvoudig: $-4y + 6y - y$ (1)

A y
B $2y$
C $-3y$
D $9y$

1.4 Vereenvoudig: $(-3a^3b^4)^2$ (1)

A $-9a^5b^6$
B $6a^6b^8$
C $-6a^5b^6$
D $9a^6b^8$

1.5 Vereenvoudig: $\frac{4x^3y^4-(16x^3y^4)}{-4xy}$ (1)

A $-3x^5y^7$

B $3x^2y^3$

C $-3x^2y^3$

D $3x^5y^7$

[5]

VRAAG 2

2.1 Vereenvoudig die volgende uitdrukkings:

2.1.1 $-3a^2-(-5a^2)$ (2)

2..1.2 $\sqrt{36a^2}+\sqrt[3]{-8a^3}$ (3)

2.2 Bepaal die waarde van die uitdrukking $3p+2q$ as $p=2$ en $q=-7$. (2)

[7]

VRAAG 3

3.1 Los op vir x in die volgende vergelykings:

3.1.1 $6x-4=8$ (2)

3.1.2 $5(x-4)=5-3(x+2)$ (4)



3.1.3 $\frac{3x+3}{4}=6$ (3)

3.2 Die lengte van 'n reghoek is 3 keer die breedte van die reghoek. Die omtrek van die reghoek is 160 cm. Bereken die lengte van die reghoek. (4)


[13]

VRAAG 4

4.1 Vir elk van die volgende vrae, gee SLEGS die korrekte rede vir die ooreenstemmende stelling

Diagram	Stelling	Rede	
	$a = c$	4.1.1 _____	(1)
	$a + b + c + d = 360°$	4.1.2_____	(1)
	$e + f = 180°$	4.1.3 _____	(1)
	$j = g$	4.1.4_____	(1)

4.2 Gebruik die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg:



4.2.1 Bereken die waarde van x (3)


4.2.2 Wat is die grootte van $C\widehat{G}H$? (2)

4.2.3 Vervolgens, bepaal die waarde van y. (3)


[12]

VRAAG 5


5.1 In die onderstaande driehoek is $B\hat{A}C = 84°$. Bepaal met redes, die grootte van $A\hat{C}B$. (3)



5.2 Identifiseer die twee kongruente driehoeke en gee die geval van kongruensie. (2)



5.3 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg, met redes.



5.3.1 Bereken die waarde van x. (2)

5.3.2 Bepaal die waarde van y. (4)

5.3.3 Wat is die grootte van ∠EGH? (2)

[13]

TOTAAL: 50